

19 *Maandag***SKRIF- EN FOKUSGEDEELTE: 2 KRONIEKE 36:9-21 (2 KONINGS 24:18 – 25:7)****Sedekia – 'n Laaste spyker in die kis: ballingskap!**

Sedekia was die laaste koning van die Suid-ryk. Sy naam was Mattanja, seun van die goeie koning Josia – wat alles gedoen het om afgodery onder die volk uit te roei. Nebukadnesar verander sy naam na Sedekia, dit beteken “Die Here is my geregtigheid”. Hy het hom beslis nie die betekenis van sy naam uitgeleef en God se geregtigheid gesoek nie. Hy was maar 21 toe hy koning het, en hy het 11 jaar in Jerusalem regeer. Vir die Here se stem deur sy profet Jeremia was hy doof. Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here en hom nie aan gesag gesteur nie (vs 12-13).

Sy groot sonde was nie die afgodery van Manasse of die heidennasies nie. Eerder passiwiteit. Hy was bang vir sy volksgenote (Jer. 38:19, 24). Hy het neutraal gebly (Jer. 21:2) in godsdienstige sake en kompromieë met die wêreld aangegaan. Die leiers, priesters en die volk se trouelose navolg van die heidennasies het hy oorgesien. Al het hy geweet wat God se wil is, wou hy eerder almal gelukkig hou. Hy het die leuen geglo dat elke mens sy eie keuses moet maak, en dat niemand 'n ander se keuse mag veroordeel nie.

Sedekia was nie warm nie, ook nie koud nie – maar lou! Hy het nie die ruggraat gehad om teen die sonde van sy volk op te staan nie, maar hy was bereid om teen die magtige Nebukadnesar van Babel op te staan. Nie net teen hom nie, maar ook teen die almagtige God! – met die ballingskap as tragiese gevolg (2 Kron. 36:17-21). God het die lou koning Sedekia uit sy mond uitgespoeg! (2 Kon. 25:6; vgl. Op. 3:16).

Die trae stem van Sedekia was die laaste spyker in die kis van die volk na die ballingskap – wat ons tot gehoorsaamheid en aksie oproep! 'n Oproep om eerder soekend te luister na die stem van ons Goeie Herder (Joh. 10), Jesus Christus, die ware geregtigheid!